

6 Februarie

Matteus 5:1-12 (5:3)

Die ware Koninkryksburger: Bedelend arm voor God, geregeer deur Koning Jesus

Die saligsprekinge van ons Here Jesus (Matt 5:5-10) vorm die inleiding van sy Bergrede (Matt 5-7). In die Bergrede gaan dit om die Koninkryk van God - dit wil sê om die Koningsheerskappy van Jesus Christus oor veral die burgers van sy Koninkryk, en om hulle dankbare reaksie vanweë sy heerskappyvoering.

Deur middel van sewe plus een saligsprekinge, gee Jesus nou as't ware 'n portret of karakterskets van die ware burger van God se Koninkryk. Dit is nie die beskrywing van sewe verskillende groepe mense nie, maar sewe eienskappe van 'n mens wat uit genade kind van God geword het.

Die eerste kenmerk by die ware Koninkryksburger is dat hy of sy 'n "arme van gees" is (1933-Vertaling). Die Heilige Gees het hierdie sondaarmens se hart, sy gees verander, sodat hy 'n nuwe lewenshouding openbaar: Hy weet nou dat hy soos 'n arm bedelaar met leë hande voor God staan. Hy het sy ellende voor God leer ken, het afgesien van homself. Hy soek nie meer die krag vir sy lewe in besittings, afkoms, werkstatus of in sy samelewingsposisie nie, maar vra alles en verwag alles van die HERE sy God.

Hy, saam met ander armes van gees, het die allergrootste saligheid ontvang: Die Koninkryk van die hemele behoort aan hulle - slegs aan hulle. Dit beteken die arme sondaarmens is deur die dood en opstanding van sy Saligmaker ingetrek onder die Koningsheerskappy van Jesus Christus. Hy word regeer en laat hom regeer deur Koning Jesus. En hy buig voor die grondwet van God se Koninkryk: die Woord van God.

As jy wat jouself 'n Christen noem na jou eie portret kyk, sien jy 'n mens wat weet dat jy bedelend arm voor God is, afgesien het van jou eie vermoëns en alles in lewe en sterwe van God verwag? Sien jy 'n mens wat regeer word deur Koning Jesus met sy Woord en Gees?

Sing: Psalm 99:1,5

Ds. R.L. Vorster (Odendaalsrus)